

## VAN STAMVERWANTE BODEM

*Ontdekkingsreizen*, onderhoudend opgestel deur drs. H. J. M. Claessen en uitgegee deur Fibula-Van Dishoeck (Bussum, 1970) as no. 7 in die *Fibula Juniorreeks* (pp. 96) is 'n voorbeeld van 'n geskiedkundige leesboek wat met vrug in die laagste klasse van ons hoërskole gebruik kan word. Dit handel oor ontdekkingsreise in die oudheid, die middel-eeue, die renaissance; die mededinging tussen Engelse, Franse en Nederlanders, die verkenning van Afrika en Asië en reise na die Noord- en Suidpoolgebiede. Vertaling hiervan, vir gebruik by ons geskiedenis-onderrig en vir opname in ons skoolbiblioteke, word aanbeveel. Die illustrasies is duidelik en boeiend. Prys (in Nederland): ongeveer R1-20.

By dieselfde uitgewer in die *Fibula-reeks* (no. 16) het J. Lenselink se oorsigtelike studie *Vuurwapens van 1840 tot heden* (pp. 120, prys in Nederland ongeveer R1-50) verskyn. In hierdie werkie word in woord en beeld, na 'n algemene omskrywing en indeling, eers die intrede van die perkussiestelsel en die gevolge van hierdie uitvinding op die lope en koeëls van gewere, pistole en karabyne bespreek. Omstreeks 1840 volg die agterlaaier (Dreyse). Op p. 27 verskyn 'n insiggewende oorsig van handvuurwapens van omstreeks 1870 in verskillende lande, soos o.a. die Werder, Albini-Brändlin, Mauser, Vetterli, Springfield, Martini-Henry. Die volgende hoofstuk handel oor geskut en projektile (o.m. die *Maxim*, 1883). Daarna kom verbeterde handvuurwapens onder bespreking waarvan sekere soorte tydens die Tweede Vryheidsoorlog gebruik is.

Hiram S. Maxim het 'n belangrike rol in verband met die ontwikkeling van die outomatiese wapens gespeel. Afsonderlike hoofstukke is aan die Eerste Wêreldoorlog, die tydperk tussen die twee wêreldoorloë en die jongste ontwikkelings gewy. Aan die slot van sy beskouings verklaar die skrywer dat die moderne vuurwapenontwikkeling gehelp het om die magsewewig daar te stel wat tot vandag toe die uitbreek van 'n oorlog tussen die Kommunistiese blok en die Weste verhinder het.

In *The German Tribune* (no. 436, 1970) is aangekondig dat prof. Thomas Barthel, van die Universiteit van Tübingen, daarin geslaag het om die eerste vyftig van ongeveer 300-400 Inca-ideogramme te ontsyfer. In die vyftigerjare het hierdie hoogleraar in etnologie die alfabet van die oorspronklike bewoners van die Paaseiland ontleed en gehelp om Maya-geskrifte te ontsyfer. Bogenoemde artikel, waarvan hier slegs 'n paar besonderhede vermeld is, het oorspronklik in die *Hannoverische Allgemeine* van 29/7/1970 verskyn en is van die hand van Ekkehard Melk.

*Culturele kroniek '48/'68* is die titel van 'n verslag van die *Nederlandse Stichting voor Culturele Samenwerking met Suriname en de Nederlandse Antillen* (Wageningen, 1970, 219 bl.) met drs. W. Gordijn as redakteur. Belangrik is die lys van publikasies wat sedert 1950 op kulturele- en/of wetenskaplike gebied betreffende Suriname en die Nederlandse Antillen met steun van die STICUSA verskyn het. Hiervan is o.m. die volgende van belang: J. Meyer en F. Ferrari: *Suriname, volk en geskiedenis* (1956), R. Reinsma: *1863-1963. Een merkwaardige episode uit de geschiedenis van de slaven-emancipatie* (1963), J. A. Schiltkamp: *De geschiedenis van het notariaat in het octrooigebied van de West Indische Compagnie* (1964), J. L. Volders: *Surinaamse bouwstijlen in vier eeuwen* (1966) en J. M. van der Linde: *Surinaamse suikerheren en hun kerk* (1966). Tydens die afgelope twintig jaar het die hulp, wat op verskillende wyses deur die STICUSA aan kulturele sentrums in Suriname en die Nederlandse Antillen verleen is, hoofsaaklik die Nederlandse kulturele geestesmerk vertoon. Tydens die laaste jare het die twee gebiede meer bewus geword van 'n eie identiteit. Dit kom o.m. tot uiting deur die feit dat die

plaaslike owerhede 'n eie kulturele beleid gaan bepaal. Hier is dus 'n duidelike verskuiwing van die swaartepunt waarneembaar. Die STICUSA is bereid om met oortuiging aan die uitvoering van so 'n beleid mee te werk, aldus die verslag (p. 202).

In *Bulletin van het Rijksmuseum* (jg. 18, afl. 3, 1970) is die museumbesoek in Nederland onder die vergrootglas geneem in *Vijftien jaar bezoekers bekeken* (Thea van Eijnsbergen en Gerard van der Hoek). Aan die slot van hul bydrae kom die skrywers tot die volgende gevolgtrekkings: Die maatskaplike topkrag van die Nederlandse samelewing (opleiding, beroep, inkomste), is die sterkste verteenwoordig onder die Nederlandse museumbesoekers. Tydens die afgelope paar jaar is 'n klein verskuiwing na die middelste bevolkingslaag merkbaar wat vermoedelik aan die sterker beklemtoning van museumbesoek in die onderwysinrigtings toeskryf moet word. Uit die oogpunt van herkoms beskou, is dit van belang dat die grootste deel van die besoekers uit groot stede afkomstig is en dat veel besoekers uit woonbuurtes wat naby die museums geleë is, kom.

Gerard van der Hoek wy vervolgens 'n insiggewende bydrae aan die opvoedkundige (Ned. „educatieve”) diens van die Rijksmuseum, waarin o.m. op die voor- en nadele van die klankbeeld as 'n informasiebron gewys word. Met betrekking tot die taak van bogenoemde diens t.o.v. die afdeling Nederlandse Geskiedenis word die volgende uitsprake van Jet Baruch aangehaal: *Het is niet de bedoeling om in de afdeling een volledig didaktisch en samenhangend verhaal te geven van de geschiedenis van Nederland. Er is daarentegen getracht om elementen aan te dragen — schilderijen, andere kunstvoorwerpen, documenten — waaraan de bezoeker zijn eigen geschiedenisbeeld kan toetsen of waarmee hij een eigen geschiedenisbeeld kan opbouwen. Deze elementen zijn onder andere als het ware samen gebundeld in thema's die belangrijk zijn geweest voor het verloop van onze geschiedenis* (p. 126). Aanvullende inligting, in die vorm van die gesproke of gedrukte woord, facsimile-reproduksies of 'n klankbeeld word deur die reeds vermelde diens se personeel verstrekk. Uit laasgenoemde artikel blyk dit duidelik dat nuwe paaie gesoek word wat in die verlede nog nie of spaarsaam betree is. Hopelik lei dit tot 'n hernude belangstelling in die vaderlandse verlede. Met belangstelling kan, oor 'n paar jaar, die resultate van hierdie vernuwings- en aanpassingsproses tegemoet gesien word. Hierdie publikasie kan ten sterkste aanbeveel word by almal wat by die opvoeding op die onderskeie vlakke betrokke is. Dit geld veral ten opsigte van die vak geskiedenis.

R. van Spronssen en dr. J. G. Visser het, as deel VI van die reeks *Bijdragen tot de geschiedschrijving van de Posterijen, Telegrafie en Telefonie in Nederland* as onderwerp *De Haagse telefoonradio, 1926-1940. Feiten en achtergronden* ('s-Gravenhage, 1970, 200 bl.) saamgestel. Hier het ons te doen met die verspreiding van radio-programme deur middel van die munisipale telefoondiens van 's-Gravenhage. 'n Groot hoeveelheid amptelike argivalia is in hierdie studie verwerk wat o.m. die gedagte oproep dat ook ons land ongetwyfeld oor 'n interessante geskiedenis van die poswese in al sy vertakkings moet beskik waaromtrent die publiek gerus ingelig kan word. 'n Afdeling geskiedskrywing sal in hierdie opsig ongetwyfeld baanbrekerswerk kan verrig.

Met leedwese word in hierdie rubriek die heengaan van mnr. C. Struik (1909-1970) vermeld. Ten opsigte van die voorbereiding en verskyning van herdrukke van wetenskaplike werke en met betrekking tot die ontwikkeling van die boekhandel en die uitgewery, het mnr. Struik, ook waar dit geskiedkundige werke betref, waardevolle dienste aan ons land en volk gelewer. In die maandblad *Nederlandse Post* (Nov. 1970) het dr. C. Pama Cornelis Struik op 'n gepaste wyse herdenk.

Dr. J. Ploeger.